Graad 8 – Toelatingsaansoek vir 2018

Soos bekom uit Nuusbrief 3 van FEDSAS.

Met die oog op die registrasieproses wat ’n aanvang neem, op 2 Mei, bring ons graag die volgende onder u aandag.

Toelating geskied in terme van die volgende:

- Grondwet (Art. 29)
- Die NORME EN STANDAARDE MET BETREKKING TOT DIE TAALBELEID GEPUBLISEER IN TERME VAN ART. 6(1) VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996 – spesifiek paragraaf B(2).
- Gautengprovinsie “The Regulations on Admissions of Learners to Public Schools, 2012”
- ADMISSION MANAGEMENT PLAN – 2017/18 dd 23/3/2017

In konsultasie tussen die GDO en BL-Organisasies is die volgende positiewe veranderinge op die E-platform aangebring:

1. ID-nommers word geverifieer teenoor die Departement Binnelandse Sake se databasis; dit verseker dat unieke ID-nommers werklike persone verteenwoordig.
2. Keuse van VYF (voorheen DRIE) naaste skole aan die gekose adres; enkelmedium skole moet ouers adviseer om ’n skool van voorkeur onder die alternatiewe opsie van “School of Preference” te kies.
3. Verskeie opsies om ’n skool te kies: – Adres, Voorkeurskool, Spesialiteitskool (Hoërskool Die Wilgers bied Meganies, Tegniese wetenskap en Wiskunde aan), Koshuis. (Verlede jaar was slegs TWEE opsies moontlik.)
4. Die stelsel genereer ’n A-, B- of AB-waglysnommer. Waglys A word streng volgens die bepalings in die regulasies geskep – Broer of Suster, 5 km radius, (ongeag die opsie keuse om ’n skool te kies).
5. ’n Aansoeker wat verder as 5 km van ’n skool af woon of werk, word outomaties op die B-Lys geplaas ongeag die opsie om ’n skool te kies.
6. Die ontstaan van ’n tydelike waglys AB- om sekere data vir hierdie keuse te verifieer; skole van spesialiteit soos Tegniese skole en Kunsskole.
7. Die stelsel is geslagsensitief: seuns-/dogterskole word nie gelys vir ’n aansoek deur ’n leerder van die teenoorgestelde geslag nie.
8. Graad R-ouers moet self aansoek doen op die E-platform. (Volgens Gautengregulasie kan ’n leerder nie outomaties geherregistreer word nie).
9. Ouers word aangemoedig om ten minste by een skool ’n A-nommer te verkry.
10. Alle aansoeke met ’n A-nommer wat nie geakkommodeer word nie, asook aansoekers met ’n B-nommer wat wel geakkommodeer word, moet volledig gemotiveer word in die “comment box” op die “back-end” van die stelsel.

Verdere belangrike aspekte om van kennis te neem is:

1. Die aanlynregistrasie en -aansoek is nou een en dieselfde ding.

2. Die aansoeker moet nog binne 14 dae die nodige dokumentasie by die skool indien om die aansoek geprosesseer te kry en indien dit nie gebeur nie, verval die aansoek.

3. Aansoeke word chronologies gepak soos wat die aansoek aanlyn geregistreer word.

4. Dit bly die BL se bevoegdheid en verantwoordelikheid om die aansoeke daarna te onderwerp aan die kriteria soos vervat in die skool se Toelatingsbeleid, wat uiteraard medium van onderrig/taalbeleid, broer of suster en die afstand vanaf die skool, insluit.

5. Kandidate wat nie aan die toelatingskriteria voldoen nie val dan uit, d.w.s. die skool vul sy kwota deur die konsekwente toepassing van die toelatingskriteria totdat kapasiteit bereik word.

6. Die gewone proses met die samestelling van A- en B- lyste word gevolg volgens die voorskrifte van die Regulasies en die wetlike raamwerk voordat dit aan die Distrikskantoor voorgelê word, om dit dan af te teken.

7. 'n Skool wat nie vol is nie, sal moet aanvaar dat leerders geplaas word totdat kapasiteit gevul is; die neem van addisionele leerders bo die verklaarde kapasiteit van 'n skool geskied op 'n onderhandelde basis en kan nie eensydig op 'n skool afgedwing word nie.

8. Dit is derhalwe krities belangrik dat die kapasiteitsbepaling behoorlik deur die BL gedoen sal word – die riglyne op die webwerf is verlede jaar aangepas en die aangeleentheid is op 3 Maart ook in die Nasionale Raadplegende Forum bespreek en na 'n taakspan verwys.

Waar amptenare op distriksvlak, interpretasies van die regulasies of opdragte gee wat u in terme van bostaande as kontrasterend/ultra vires interpreteer, word die Beheerliggaam versoek om dit met stawende bewyse dringend onder FEDSAS se aandag te bring.